**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr.: 1555/2004

In die hersiening van:

**<u>DIE STAAT</u>**

versus

**<u>ZAMINI CHEMIST SILO</u>**

---

**<u>CORAM</u>:** HANCKE R <u>et</u> KRUGER R

---

**<u>UITSPRAAK</u>:** HANCKE R

---

**<u>GELEWER OP</u>:** 21 OKTOBER 2004

---

Beskuldigde is skuldig bevind aan die volgende aanklagte, en dienooreenkomstig gevonnis:

Aanklag een: Saakbeskadiging – 12 maande gevangenisstraf.
Aanklag twee: Diefstal – 36 maande gevangenisstraf.

Ingevolge artikel 12(2) van Wet 75 van die 1969 word beskuldigde onbevoeg verklaar om ‘n vuurwapen te besit.

Na aanleiding van ‘n hersieningsnavraag wat gerig is deur

Beckley, R, of die 36 maande gevangenisstraf nie treffend onvanpas is nie, verklaar die landdros die volgende:

> "Waar die waarde van die troffel slegs R24,99 was en die beskuldigde sedert 1999 'n skoon rekord het, gee ek in retrospeksie toe dat 'n gedeelte van die gevangenisstraf opgeskort moet word om die kummulatiewe effek van die gevangenisstraf te beperk."

Die beskuldigde se skuldigbevinding aan aanklag twee het betrekking op 'n troffel ter waarde van R24,99 wat hy by Checkers gesteel het. Alhoewel die waarde van die gesteelde eiendom betreklik min is, is dit belangrik om te let op sy indrukwekkende lys van vorige veroordelings wat minstens ses misdrywe bevat waarvan oneerlikheid 'n element is. Hy was vantevore ook by verskeie geleenthede tot gevangenisstraf gevonnis en is die oplegging van gevangenisstraf in die huidige saak geregverdig in die omstandighede. Dit blyk egter dat hy sedert 1999 'n skoon paadjie geloop het. Verder moet ook in sy guns in ag geneem word dat hy sedert 23 Maart 2004, dit wil sê vir meer as ses maande, verhoorafwagtend was. In die omstandighede ag ek dit gepas om die helfte van die vonnis wat die landdros opgelê het, op

te skort op sekere voorwaardes. Dit blyk ook dat die lasgewing ‘n foutiewe verwysing het en inderwaarheid behoort te verwys na artikel 103 van Wet 60 van 2000.

Bygevolg word die volgende bevele verleen:

Die opgelegde vonnis ten opsigte van aanklag twee word tersyde gestel en vervang met die volgende:

1. “Ses en dertig (36) maande gevangenisstraf waarvan die helfte opgeskort word vir vyf jaar op voorwaarde dat hy nie skuldig bevind word aan ‘n misdryf, waarvan oneerlikheid ‘n element is, gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.”

2. Die lasgewing word gewysig om te verwys na artikel 103 van Wet 60 van 2000.

3. Origens word die verrigtinge bekragtig.

4. Ingevolge artikel 282 van die Strafproseswet word hierdie vonnis geag opgelê te wees op 12 Augustus 2004.

**S.P.B. HANCKE, R**

Ek stem saam.

**A. KRUGER, R**

/sp